

wat in die register verskyn. Hierdie besluit is geregtig in die lig daarvan dat bibliografiese besonderhede in katalogi, in Engels verskyn en 'n breër (selfs internasionale) teikengroep daardeur bereik kan word. By die inhoudsopgawe word eers hoofafdelings(-temas) aangedui, gevolg deur 'n fynere ontleding ("analytical overview") wat nuttig en sinvol is. Die tematiese indeling is enigszins arbitrêr gedoen en lyk soms kunsmatig. So byvoorbeeld word in afdeling 2E 'n oorkoepelende beeld gegee van bronne met betrekking tot die "O.F.S. Republic" (wat terloops 'n foutiewe benaming is!); daarna word ook nog onderskei tussen "the early Republic" (afdeling 2F) en "the later Republic" (afdeling 2G).

Teen 'n aanspraak van volledigheid in enige studie en bibliografie sal seker altyd bedenkinge geopper kan word. Ook in Schoeman se werk is dit nie anders nie. Hy verklaar juis self dat ten spyte van "alle strewende na volledigheid" daar publikasies sal wees wat hy oor die hoof gesien het. Dit sou dan ook geensins moeilik wees om in hierdie verband talle hiante en ander tekortkominge aan te dui nie. Tog sou so iets 'n onreg teenoor dié werk en sy skepper wees; want as daar 'n pluimpie is wat hy verdien, is dit — in sy eie woorde — dat sy bibliografie binne die perke wat daarvoor gestel is, "nagenoeg volledig is". Insgelyks kan met stelligheid beweer word dat hierdie publikasie 'n nuttige hulpmiddel vir die navorser is en as aansporing tot verdere ondersoek na die geskiedenis van die Oranjerivierstaat sal dien.

Die saamstel van bibliografieë kan bestempel word as die arbeid van 'n handjiewol begenadigdes wat hul taak met soveel liefde en ywer vervul dat die gedagte aan eindelose opoffering en 'n moeitevolle gesloef haas nooit by hulle opkom nie. Dat Karel Schoeman ook van hierdie stoffasie is, ly geen twyfel nie. En daarom sal dié publikasie as 'n monument vir sy toewyding bly staan.

C. C. ELOFF

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

I. J. VAN DER MERWE. *Die stad en sy omgewing: inleiding tot nedersettingsgeografie*. Universiteits- Uitgewers en Boekhandelaars: Stellenbosch, 1983 (Hersiene Uitgawe), 250 pp. Geïllustreerd. R25,00 (eksklusief). ISBN 0 86995 110 6.

Hierdie publikasie uit die pen van dr. I. J. van der Merwe van die Instituut vir Kartografiese Analise, Universiteit Stellenbosch, word aangebied as 'n hersiene uitgawe van *Die stad en sy omgewing: 'n studie in nedersettingsgeografie* van dr. Van der Merwe en prof. A. Nel wat in 1975 verskyn het. Diegene wat laasgenoemde uitgawe met waardering gebruik het, sal ongetwyfeld toegee dat aksentverskuiwings in en die aansienlike byvoeging van

kennis tot die nedersettingsgeografie 'n drasties bygewerkte uitgawe nodig gemaak het. By nadere ondersoek word dit duidelik dat hier eintlik nie sprake is van 'n hersiene uitgawe in die gewone sin van die woord nie. Dit is grootliks 'n nuwe publikasie, een waarop die outeur sy persoonlike stempel afgedruk het. Dr. Van der Merwe het onteenseglik groot moeite gedoen om die temas wat hy aansny met Suid-Afrikaanse voorbeelde toe te lig en die werk in dié opsig vir die Suid-Afrikaanse leser meer relevant gemaak.

Omdat die nedersettingsgeografie 'n wye terrein dek, is dit onprakties in die bestek van 'n kort boekbespreking om enigsins volledig te probeer wees. Dit is miskien beter om die aspekte van die werk uit te lig wat die streek- en plaaslike historikus sal interesseer, soos die bespreking van landelike en stedelike nedersetting.

In hoofstuk twee word landelike nedersetting (verspreide en kernnedersettings) getipeer en die faktore bespreek wat die tipe, ligging en struktuurvorm van hierdie nedersettings beïnvloed. Dit sluit faktore in soos fisiese omgewing, die bestaan van verkeersweë en infrastruktuur, sosiaal-kulturele omstandighede, verdedigingsbehoefte, asook historiese en landbou-ekonomiese oorwegings. Verspreide plaasnedersettings in Suid-Afrika word besonder insiggewend bespreek aan die hand van die patroon wat dit aangeeem het en die historiese agtergrond waarteen hierdie nedersetting plaasgevind het; plaasnaamgewing, veral in soverre dit iets van die gesindheid van die nedersetters ten opsigte van die bodemgesteldheid weerspieël; die opmeting, besitreg en ouderdom van plase; die grensvorme en plaasgroottes en die faktore wat dit beïnvloed het; die plaasopstal as middelpunt van die boerderybedryf; en bodembenuutting, veral teen die agtergrond van beskikbare infrastruktuur. Die hoofstuk word afgesluit met 'n kort bespreking van landelike geboustruktuur.

Die ontstaan en groei van stedelike nedersetting word in hoofstuk 3 onder die loep geneem aan die hand van 'n aantal basiese konsepte en teorieë. Spesiale ruimte word ook afgestaan aan verstedeliking in Suid-Afrika, en wel met verwysing na die verstedelikingfasies (die voor-industriële fase, die oorgangsfase, die industriële en die etniesdifferensiële fase), die vlak van verstedeliking teen 1980, en die tempo van verstedeliking — met die klem op die stedelike bevolkingsgroei van swart, blank, kleurling en Asiër. Die outeur verwys ook kortliks na die oneweredige ruimtelike verspreidingspatroon wat verstedeliking in Suid-Afrika aangeneem het en kom tot die gevolgtrekking dat definitiewe ruimtelike streekspatrone geïdentifiseer kan word.

Vir die navorser op die gebied van plaaslike en streekgeskiedenis is die toestandkoming en ontwikkeling van dorpe altyd van belang. Daarom sal die bespreking van die ontstaan van dorpe en stede en die faktore wat die groei daarvan beïnvloed nie net insiggewend wees nie, maar inderdaad ook as 'n raamwerk kan dien in die bestudering van sowel 'n individuele dorp as stedelike nedersetting in 'n streek. Op grond van funksie word onderskei tussen militêre, handels- en nywerheidsdorpe, myn-, vervoer-, vissers- en ontspanningsdorpe, residensiële, opvoedkundige en administratiewe dorpe, en, ten slotte, sentraleplekdorpe — wat weer in hoofstuk vyf ter sprake kom en in diepte behandel word. Faktore wat die groei van stedelike nedersettings bepaal en in hierdie hoofstuk geïdentifiseer word, is onder meer die funksie van 'n nedersetting (wat met verloop van tyd kan verander), die ligging en infrastruktuur, bevolkingskenmerke (in welke verband die kwaliteit van mensmateriaal en hulle gedragspatrone as van belang aangedui word), besluitneming in wat die dorpe se ontwikkeling beïnvloed en die ekonomiese basis van 'n dorp. Laasgenoemde is 'n omvattende en deurslaggewende faktor in die voortbestaan en groei van 'n dorp en word daarom ook in meer besonderhede bespreek.

Omdat die geskiedkundige veral in verandering geïnteresseerd is, is die kort bespreking van die ekonomiese groeifases van 'n stedelike gemeenskap van besondere belang en bied dit eweneens 'n raamwerk aan die hand waarvan ekonomiese ontwikkeling bestudeer kan word. Die hoofstuk word afgesluit met 'n bespreking van verstedelikingstrategieë, die regulering van stedelike groei en 'n verwysing na Suid-Afrika se jongste streek- en nywerheidsontwikkelingsplan.

Die res van die werk word gewy aan stedelike klassifisering, algemene infrastedelike struktuur (onder meer met verwysing na die Derde Wêreldstad en Suid-Afrikaanse stadstruktuur), handelstruktuur, fabriekstruktuur, residensiële struktuur, sosiale probleme en 'n slothoofstuk oor die toekoms van die stad.

Hierdie publikasie raak ongelukkig net aan die plek wat swart landelike en stedelike nedersetting ten opsigte van nedersettingsgeografie in Suid-Afrika inneem — iets wat ongetwyfeld as 'n leerme beskou sou kon word.

*Die stad en sy omgewing* is andersins 'n netjiese publikasie waarmee die uitgewers gekomplimenteerd word. Foute is tot die minimum beperk, en dié wat wel ingesluit is, soos die weglating van 'Pretoria' in figuur 3.10, doen nie afbreuk nie aan hierdie hoogs informatiewe en insiggewende studie wat vir sowel die leek as die kenner nuwe perspektiewe opmaak.

A. G. OBERHOLSTER

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

